education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**GESKIEDENIS V1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2006**

**503-1/1 A**

**Punte: 200**

**3 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n ADDENDUM van 11 bladsye.**

GESKIEDENIS HG: Vraestel 1
Vraestel & Addendum

503 1 1A HG

X05

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

6. Beantwoord VIER (4) vrae.

   6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   **6.2 JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: DIE PERIODE 1948 TOT 1976 (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as DRIE (3) vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 1A**

Die verwerwing van soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika was die hoogtepunt van Generaal JBM Hertzog se termyn as eerste minister.

Stem jy met die stelling saam? Motiveer jou standpunt. **[50]**

**OF**

**VRAAG 1B**

Die mislukking van die politieke troue tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party was nie onverwags nie.

Assesseer die geldigheid van die stelling deur relevante bewyse uit die periode 1934 tot 1939 te gebruik. **[50]**

### VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 2A**

Die Nasionale Party het geslaag in sy begeerte om Suid-Afrika 'n republiek te maak, maar het misluk in sy poging om Suid-Afrika as lid van die Britse Statebond te behou.

Bespreek die stelling krities met verwysing na die periode 1948 tot 1961. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Dit was nie soseer die druk van die buitelandse magte wat opgebou het nie, maar eerder die weerstand in Suid-Afrika wat tot die vernietiging van apartheid gelei het.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord deur relevante bewyse uit die periode van 1960 tot 1976 te gebruik. **[50]**

## VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 3A

Die inwerkingstelling van die driekamer-grondwet in 1983 was 'n verdoeselde (bedekte) poging van die Nasionalistiese regering om vol te hou met blanke oorheersing.

Assesseer die stelling krities deur na die periode 1983 tot 1989 te verwys. **[50]**

**OF**

### VRAAG 3B

Met Nelson Mandela se vrylating uit Robbeneiland en later Pollsmoor in 1990, het Suid-Afrika op die drempel van 'n nuwe era in sy geskiedenis gestaan.

Is dit 'n geregverdigde assessering? Motiveer jou antwoord deur krities te verwys na die politieke gebeure wat in die periode 1990 tot 1994 plaasgevind het. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE OORLOGSJARE (1939-1945) AFRIKANER- EN 'AFRICAN-' NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

a) Waarom het die spotprenttekenaar, Abe Berry, Malan uitgebeeld waar hy by die kruispad van die Nazi-swastika staan? (2)

b) Deur bewyse uit die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik die korrektheid van die spotprent. (2 x 2)

4.1.2 Gebruik Bron 4B en jou eie kennis.

a) Wat het die Jode aangemoedig om in Suid-Afrika en elders in die wêreld skuiling te soek? (2 x 2)

b) Verduidelik, in jou eie woorde, die ontvangs wat die Jode in Suid-Afrika gekry het. (2 x 2)

c) Verduidelik waarom Hendrik Verwoerd en sy volgelinge die standpunt teenoor die Jode ingeneem het. (2)

d) Verduidelik, in jou eie woorde die begrip anti-Semitisme. (2 x 2)

e) Wat was die redes dat sommige Afrikaners gedurende die Tweede Wêreldoorlog die kant van die Duitsers gekies het? (2 x 2)

f) Wat was die motiewe vir die totstandkoming van die Ossewa Brandwag? (2 x 2)

g) Verduidelik waarom jy die Ossewa Brandwag as 'n fasistiese organisasie of as 'n bevrydingsmag sou beskou. (2 x 2)

4.1.3 Verwys na Bron 4C en jou eie kennis.

a) Verduidelik waarom meer Afrikane (Africans) in diens geneem is gedurende die oorlogsjare. (2 x 1)

b) Verduidelik waarom jy met die historikus sal saamstem of verskil dat die Kommunistiese Party, Non-European Unity Movement en die ANC-Jeugliga radikale organisasies was. (3 x 2)

4.1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van sowat 12 reëls oor hoe die Tweede Wêreldoorlog Afrikaner- en 'African'-nasionalisme in die 1940's beïnvloed het. (10)
**[50]**

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAT MAAK DIE VRYHEIDSMANIFES 'N DOKUMENT VAN NASIONALE BELANG VIR DIE MENSE?

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Bestudeer Bron 5A.

a) Watter voorstel het ZK Matthews, volgens die bron, by die ANC se jaarlikse kongres gemaak? (2 x 1)

b) Waarom, dink jy, het ZK Matthews so 'n voorstel gemaak? (2 x 2)

c) Hoe het die lede van die ANC se nasionale konferensie op ZK Matthews se voorstel reageer? (2 x 2)

d) Verduidelik waarom die byeenroeping van die 'Congress of the People' as 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis beskou kan word. (3 x 2)

e) Hoe het die Nasionale Aksieraad beplan om steun by die algemene publiek vir insluiting by die Vryheidsmanifes te werf? (3 x 2)

5.1.2 Lees Verklarings 1, 2 en 3 in Bron 5B. Verduidelik die algemene benadering wat gebruik is om die mense by die vrywillige veldtog vir die Vryheidsmanifes betrokke te kry. (3 x 2)

5.1.3 Verwys na Bron 5B (Verklarings 2 en 3). Verduidelik die verskille tussen hierdie verklarings. (2 x 2)

5.1.4 Gebruik die inligting in Bron 5C en verduidelik die doel van die pamflet. (2 x 1)

5.1.5 Verwys na Bronne 5B en 5C. Watter indruk kry jy oor die manier waarop die 'Congress of the People' die veldtog hanteer het? (2 x 1)

5.1.6 Verduidelik waarom jy die metodes wat die 'Congress of the People' gebruik het om die mense se eise en griewe in te samel, as 'demokrasie in aksie' sou bestempel. (2 x 2)

5.1.7 Gebruik bewyse uit Bronne 5A, 5B, 5C en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van sowat 12 reëls oor waarom die Vryheidsmanifes as 'n dokument van nasionale belang vir die mense beskou word. (10)
**[50]**

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 HOE HET DIE REGSGESINDES REAGEER OP DIE REFERENDUM VAN MAART 1992, WAT SLEGS VIR BLANKES WAS?

Bestudeer Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord.

6.1.1 Gebruik Bron 6A.
Waarom dink jy het die spotprenttekenaar Mandela en De Klerk uitgebeeld waar hulle 'n 'ingewikkelde tango' dans? (3 x 2)

6.1.2 Bestudeer Bron 6A.
Wat probeer die spotprenttekenaar sê oor die verhouding tussen Andries Treurnicht, Oupa Gqozo, Mangosuthu Buthelezi en Lucas Mangope? (4 x 2)

6.1.3 Verwys na Bron 6B.
Wat was Ken Owen se houding teenoor die verhouding tussen Treurnicht, Gqozo, Buthelezi en Mangope? (3 x 2)

6.1.4 Gebruik Bron 6B.
Watter keuses, volgens Owen, moes die blanke kiesers in die land oorweeg? (1 x 2)

6.1.5 Bestudeer Bron 6B.
Wat het Ken Owen bedoel deur te sê dat 'hulle anti-intellektueles' is? (1 x 2)

6.1.6 Wat, volgens Bronne 6B en 6C, is die verskil in die benadering van Treurnicht (in Bron 6B) en dié van Eugene Terre' Blanche (in Bron 6C) tot die onderhandelingsproses? (4 x 2)

6.1.7 Verwys na Bron 6C.
Hoe sou die AWB, volgens Terre' Blanche, die 'land tot stilstand bring'? (3 x 2)

6.1.8 Bestudeer Bron 6C.
Wat het Terre' Blanche bedoel toe hy sê dat 'Meeste van hulle [Ystergarde] was deur die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag se elite (uitverkore) magte opgelei, maar hulle was meer verbind tot hul saak…as enige lid van die verdedigingsmag'? (2 x 1)

6.1.9 As De Klerk se raadgewer, verduidelik aan hom in 'n paragraaf van sowat 12 reëls (deur van alle bronne en jou eie kennis gebruik te maak) waarom 'n regse magsoorname 'n gevaar vir die land inhou. (10)
**[50]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

# GESKIEDENIS V1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## HOËR GRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-1/1 A


Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE OORLOGSJARE (1939-1945) AFRIKANER- EN 'AFRICAN-' NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

**BRON 4A**

Hierdie spotprent van Abe Berry het in *The Star* koerant verskyn. Daarin word Malan uitgebeeld waar hy by die kruispad van die Nazi-swastika staan. Die embleem was 'n simbool van die Duitse Nazi Party onder leiding van Adolf Hitler.



'Ons is by die kruispad'
-DR MALAN BY BETHEL

**BRON 4B**

Hierdie is 'n uittreksel uit *Every Step of the Way* wat die invloed van Fasisme en Nazisme op Afrikaner-Nasionalisme beklemtoon. Die Fasistiese nasionalisme (wat tydens die Tweede Wêreldoorlog meer prominent geword het) het ontwikkel as 'n reaksie op Britse imperialisme.

Gebeure in Europa in die 1930's het ook in Suid-Afrika weergalm. Die opkoms van Nazisme en die verspreiding van anti-Semitisme onder Adolf Hitler in Duitsland, het die Jode aangemoedig om elders in die wêreld skuiling te soek.

In Suid-Afrika is die immigrasiewette geleidelik strenger gemaak om die invloei van die desperate vlugtelinge vir Hitler, te beperk. Die laaste boot wat vlugtelinge gebring het, die *Stuttgart*, wat op 27 Oktober 1936 in Kaapstad vasgemeer het, het die nuwe verbod met 'n paar dae vrygespring. Seshonderd verbysterde Jode is op die kaai deur 'n skare anti-Semitiese betogers, onder leiding van 'n jong Stellenboschse akademikus, wat sy merk gemaak en mettertyd daarvoor betaal het, gekonfronteer. Sy naam was Hendrik Verwoerd.

Met Hitler se inval in Pole op 1 September 1939, het Brittanje 'n ultimatum uitgereik en twee dae later oorlog teen Duitsland verklaar. Wat het Suid-Afrika te doen gestaan? Vir die tweede keer in minder as drie dekades het blanke Suid-Afrika se verdeelde sentimente oor Brittanje 'n dreigende politieke krisis veroorsaak.

Party Suid-Afrikaners het openlik Hitler se ekonomiese program, sy aansteeklike nasionalisme en sy anti-Semitisme bewonder. Selfs Suid-Afrika se Minister van Verdediging, Oswald Pirow, het die Nazi-opsweper (Hitler) in Berlyn in die 1930's besoek.

Die helfte van die Suid-Afrikaanse kabinet, insluitende die eerste minister Hertzog, was ten gunste van neutraliteit. Maar sy adjunk was egter oortuig daarvan dat Suid-Afrika by Brittanje moes aansluit om fasisme in Europa te bekamp en op 4 September het hy 'n mosie ten gunste van deelname aan die oorlog by die parlement ingedien. Dit is met 'n meerderheid van 13 stemme aanvaar. Hertzog het bedank en Smuts het die nuwe Eerste Minister geword en op 6 September oorlog teen Duitsland verklaar.

Aan die tuisfront het die oorlogsjare nuwe uitdagings gestel. Radikale Afrikaners het die pro-Nazi *Ossewa Brandwag* in 1939 gestig, het georganiseer dat terreurgroepe weermagteikens gedurende die oorlog saboteer en die nasionale sentiment opgesweep. Onder hulle was 'n jong man, Balthazar John Vorster, wat in 1941 by Koffiefontein vir die duur van die oorlog geïnterneer is – soos hy dit later sou sien – aangehou is sonder verhoor. Hy het later 'n prominente Nasionalis, 'n Minister van Justisie en uiteindelik Eerste Minister geword.

## BRON 4C

Die uittreksel werp 'n blik op die verskyning van radikale swart organisasies soos die African National Congress-Jeugliga, Non-European Unity Movement en die African Mynwerkersunie gedurende die 1940's.

> Toe die regering die instromingsbeheermaatreëls verslap het om dit vir die swartes makliker te maak om na die stede te beweeg en te gaan werk in poste wat vakant gelaat is deur blankes wat gaan veg het [in die Tweede Wêreldoorlog], het die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en andere intens betrokke geraak by die vakbondorganisering van swartes.
>
> Nuwe organisasies het verskyn. Een was die invloedryke African National Congress-Jeugliga wat in 1943 onder leiding van die Afrikanis, Anton Lembede, gestig is. Prominente lede was die jong Johannesburgse prokureurs, Nelson Mandela en Oliver Tambo, en 'n jong vakbondlid, Walter Sisulu. Hulle het gou die middelklas, gematigde ANC beïnvloed.
>
> 'n Ander meer radikale organisasie wat in 1943 gestig is, was die Non-European Unity Movement, wat aangedring het op 'geen samewerking' en boikot as strategie om die strukture van segregasie, soos die rade, te dwarsboom en te verlam.
>
> In Augustus 1946 was dit die beurt van die swart mynwerkers om hul stem dik te maak. Die 'African' Mynwerkersunie, (die kommuniste het gehelp om dit gedurende die oorlog te stig) het die grootste staking sedert die 1922-Opstand aan die Rand gereël. Hieraan het meer as 60 000 werkers deelgeneem. Dit het die blanke Suid-Afrikaners van die politieke mag van die swart arbeiders bewus gemaak. Die polisie en die weermag is ontplooi en in sommige gevalle is die mynwerkers terug ondergronds gedryf om te gaan werk. Twaalf mynwerkers het gesterf en meer as 'n duisend is beseer.
>
> Stakings het die vakbondlede, Kommuniste en die ANC oortuig om hul strategieë te heroorweeg en 'n breër beweging te ontwikkel om segregasie te opponeer.

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAT MAAK DIE VRYHEIDSMANIFES 'N DOKUMENT VAN NASIONALE BELANG VIR DIE MENSE?

**BRON 5A**

Hierdie is 'n uittreksel uit Nelson Mandela se outobiografie *Long Walk to Freedom,* wat in 1994 gepubliseer is, oor die redes vir die Vryheidsmanifes.

Verskeie maande nadat Hoofman Albert Luthuli tot president van die ANC verkies is, het Professor ZK Matthews, na 'n jaar as besoekende professor in die VSA, na Suid-Afrika teruggekeer, gewapen met 'n idee wat die bevrydingstryd sou hervorm. In 'n toespraak tydens die jaarlikse ANC-konferensie in die Kaap, het hy gesê 'Ek wonder of die tyd nie aangebreek het vir die African National Congress om die vraag te oorweeg om 'n nasionale konvensie, 'n "congress of the people", verteenwoordigend van al die mense in die land, ongeag ras of kleur, byeen te roep om 'n Vryheidsmanifes vir die demokratiese Suid-Afrika van die toekoms op te stel nie.'

Binne enkele maande het die ANC se nasionale konferensie die voorstel aanvaar, en 'n Raad vir die 'Congress of the People' is gestig, met Hoofman Luthuli as voorsitter en Walter Sisulu en Yusuf Cachalie as gesamentlike sekretarisse. Die 'Congress of the People' moes 'n stel beginsels opstel wat as grondslag vir die nuwe Suid-Afrika sou dien. Ons droom vir die 'Congress of the People' was om 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die vryheidstryd te wees – 'n konvensie wat alle onderdruktes en progressiewe magte van Suid-Afrika verenig om 'n wekroep vir verandering te vorm.

Ons wou die grootste moontlike deelname hê en het daarom sowat tweehonderd organisasies – wit, swart, Indiër en Kleurling – uitgenooi om verteenwoordigers na 'n beplanningskonferensie in Maart 1954 by Tongaat naby Durban te stuur. Die Nasionale Aksieraad, wat bestaan uit agt lede van elk van die vier onderskrywende organisasies, is daar gevorm. Die voorsitter was Hoofman Luthuli en die sekretariaat het bestaan uit Walter Sisulu, Yusuf Cachalia van die SAIC, Stanley Lollan van die 'South African Coloured People's Organisation' (SACPO) en Lionel Bernstein van die 'Congress of Democrats' (COD).

Die Nasionale Aksieraad het alle deelnemende organisasies en hul volgelinge uitgenooi om aanbevelings vir so 'n vryheidsmanifes te stuur. Omsendbriewe is landswyd na die townships en nedersettings gestuur.

Die omsendbriewe het die volgende boodskap bevat:
***ONS DOEN 'N BEROEP OP ALLE MENSE VAN SUID-AFRIKA, SWART EN WIT – KOM ONS PRAAT SAAM OOR VRYHEID! – LAAT DIE STEMME VAN ALLE MENSE EN DIE EISE VAN ALLE MENSE GEHOOR WORD, OMDAT DIE DINGE WAT ONS VRY SAL MAAK, NEERGESKRYF SAL WORD. LAAT DIE EISE VERVAT WORD IN 'N HANDVES VAN VRYHEID.***

**BRON 5B**

Die onderstaande is uittreksels van vrywilligers wat aan die Vryheidsmanifes-veldtog deelgeneem het. Hulle het die griewe en eise van gewone mense ingesamel en dit is by die Vryheidsmanifes ingesluit.

**Verklaring 1: 'n Veteraan van die ANC uit Kwazakele-township (Port Elizabeth), sê die volgende oor sy deelname aan die veldtog.**

Ek was van die eerste vrywilligers. Ek en Raymond Mhlaba, het ons name geregistreer. Die vrywilligers was mense wat bereid was om opofferings te maak ter wille van die vryheidsbeweging. Die vrywilligers het hul name geregistreer en hulle moes opoffer sonder betaling. Hulle sou ly. Het hul werk in sekere gevalle verloor, want as jy 'n wet oortree (uitdaag), sou jy gearresteer word. Jy moet dan tronkstraf uitdien, ongeag die duur daarvan. Sommige van die vrywilligers het so hul werk verloor.

Die vrywilligers moes plegtig belowe (en by die dissipline bly) dat: 'Ek, so-en-so, is bereid om die taak op my skouers te neem dat ek my lewe sal waag vir my mense, vir die bevrydingstryd. Ek sal doen soos wat my leiers my beveel. Ek sal niks doen waartoe ek nie beveel is nie, dit maak nie saak wat die gevolge sal wees nie.'

**Verklaring 2: Reggie Vandeyar het op die stadium in Fordsburg gewoon. Hy herroep die aktiwiteite van die vrywilligers van die Transvaalse Indiërkongres.**

Die meeste van die werwingswerk is oor naweke gedoen. Soms sou individue aandui dat hulle gedurende die week beskikbaar is. Woongebiede soos Fordsburg, Jeppe, Doornfontein, Vrededorp en Malay Kamp kon ook gedurende weeksdae gedoen word. Maar plekke soos Pretoria, Benoni, Nigel en Springs het baie min aktiviste gehad. Aktiviste in Johannesburg-sentraal kon groepe organiseer om na die areas te gaan. Oor naweke het ongeveer twintig aktiviste in die Indiërkongres se kantore vergader en ons sou in groepe van ongeveer vyf persone verdeel. Vyf gaan na Pretoria, vyf hier, vyf daar. Ons sou saam met 'African', Kleurling en wit kamerade uitgaan.

**Verklaring 3: Billy Nair was 'n aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse Kongres van Vakbonde (South African Congress of Trade Unions - SACTU). Hy verduidelik hoe die eise van die werkers vir die Vryheidsmanifes bymekaar gemaak is.**

Eerstens het ons die pamflette onder die fabriekswerkers, veral in die groter Durban-area, uitgedeel om aan die werkers te verduidelik waaroor die 'Congress of People' gaan. Dit is nie net in SACTU-fabrieke gedoen nie, maar in alle fabrieke. Die werkers is aangemoedig om enige eis, wat hulle dink belangrik is, in te dien – al is dit deur ander werkers herhaal. Onder die eise wat die meeste voorgekom het, was die versoek vir 'n ten volle betaalde 40 uur-week. Jy sal hierdie versoek ook vandag in die Vryheidsmanifes vind.

**BRON 5C**

Hierdie is 'n kopie van die traktaat wat gebruik is om die mense te help om hul griewe en eise neer te skryf wat in die Vryheidsmanifes opgeneem moes word.

Die volgende voorwoord verskyn op die traktaat:

**Nou is die tyd vir JOU om op te tree!**
**Ons doen op JOU, burgers van Suid-Afrika 'n beroep!**
**Dit is tyd vir JOU om te sê wat jy in die Vryheidsmanifes wil hê!**
**Jy moet 'n afgevaardigde kies om namens JOU by die 'CONGRESS OF THE PEOPLE' te praat!**

## *VOORWAARTS na die 'CONGRESS of the PEOPLE'*

Ons, die mense van Suid-Afrika, beide swart en wit, het 'n dringende taak om te verrig.

Ons word versoek om skriftelik die dinge wat ons graag wil geniet, neer te skryf.

Ja, kom ons lê die riglyne vir ons doelstellings neer:

**Kom ons praat saam oor Vryheid:**

Hieronder is sommige van die eise wat gestuur is om ingesluit te word in die...

### *VRYHEIDSMANIFES*

*Ons Eis ...*

- Stemreg vir alle Suid-Afrikaners, beide swart en wit.
- Hoër lone en beter werksomstandighede.
- Grond vir die grondlose mense.
- Vrye en verpligte onderwys vir alle kinders, ongeag ras, kleur of geslag.

*Wat is jou Eise ...*

As jy 'n PLAASBOER is, wat is jou eise?______________________________

As jy 'n WERKER OP 'N PLAAS is, wat is jou eise?______________________

As jy 'n WERKER IN 'N FABRIEK is, wat is jou eise? ____________________

As jy 'n ONDERWYSER is, wat is jou eise?___________________________

As jy 'n STUDENT is, wat is jou eise? ______________________________

As jy 'n PREDIKER is, wat is jou eise? ____________________________

As jy 'n MOEDER is, wat is jou eise? ______________________________

As jy 'n BUSEIENAAR is, wat is jou eise? ___________________________

As jy 'n BESIGHEIDSMAN is, wat is jou eise?_________________________

**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

**6.1 HOE HET DIE REGSGESINDES REAGEER OP DIE REFERENDUM VAN MAART 1992, WAT SLEGS VIR BLANKES WAS?**

**BRON 6A**

Hierdie is 'n spotprent van DON, gedateer 8 Oktober 1992, wat politieke hergroepering gedurende die onderhandelingsproses uitbeeld. In hierdie spotprent word Nelson Mandela en FW de Klerk voorgestel waar hulle 'n ingewikkelde tango dans, terwyl die Afrikaner-vleuel onder leiding van Andries Treurnicht uitreik na tuislandleiers soos Lucas Mangope (Bophuthatswana), Oupa Gqozo (Ciskei) en Mangosuthu Buthelezi (KwaZulu).

Afrikaanse vertaling van wat gesê word:

...Toe gryp Oupa vir Lucas om sy middel terwyl Gatsha met my tiekie-draai... Gatsha! Gee aandag, Outjie




Dit is 'n dansvorm waarna verwys word as 'n "Vastrap"

Kopiereg voorbehou 

**BRON 6B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel van Ken Owen, in die *Sunday Times* van 8 Maart 1992, onder die opskrif: *Aanvaar dit: hierdie sal die skeiding wees van weë.* In die artikel wil Owen die lesers oortuig dat onderhandeling die beste vir hul toekoms sou wees, daarom moet hulle JA in die referendum stem.

Die enigste vraag wat in die referendum beantwoord moet word, is dit: moet ons onsself daartoe verbind om 'n nie-rassige demokrasie deur onderhandeling daar te stel, of 'n blanke krygerstaat op 'n vyandige swart kontinent uit te kerf en dit vir ewig te verdedig?

Die keuse is duidelik: of ons brei ons mag uit, en offer ons seuns en rykdom in een laaste bo-menslike poging op om onsself uit Afrika se kloue te ruk, of ons sit en onderhandel, en probeer om 'n demokrasie te vorm, 'n land so vry en veilig dat die verskeidenheid mense en kulture 'n glorie en nie 'n kruis sal wees nie.

Dit maak nie saak watter kant toe nie, ons staar onsekerheid in die gesig. Dit is nie ondenkbaar dat demokrasie wel kan misluk nie,...maar dit is nog minder moontlik om te dink dat 'n klein wit staatjie vir ewig teen die hele wêreld kan voortbestaan...

Ongelukkig het die veldtog tot dusver nog nie die keuse duidelik gemaak, of selfs gedefinieer nie. In plaas van om die vrae van die kiesers te beantwoord, het die politici in 'n orgie van verdoemenis verval, deur te praat en om mense vreesbevange te maak.

Dr Andries Treurnicht, wat geweier het om by CODESA aan te sluit, praat van onderhandelinge met swart mense vir 'n afsonderlike tuisland vir blankes. Hy praat louter onsin, en hy weet dit. Van Verwoerd tot Botha, het Nasionalistiese leiers probeer om swartes by sulke onderhandelinge te betrek en misluk.

Nie die polisie, óf weermag, óf passe, óf elekriese omheinings, óf streng wetgewing óf geweld, óf moord in die polisieselle, óf kernkragtegnologie, óf G-5's, óf SASOL, óf enigiets anders het daarin geslaag om enige uithoek van die land 'wit' te hou nie. Die jongste sensusopname herinner ons daaraan dat die enigste manier om aan die teenwoordigheid van swart mense te ontsnap, is om te emigreer...

Ons kan nou uit 'n magsposisie onderhandel, later sal ons swakker wees. Die blanke bevolking word minder, sy skole loop leeg as gevolg van 'n tekort aan leerders, sy polisie en soldate word gebruik om die grense of woonbuurte te patrolleer.

Die ou Suid-Afrika is dood. Die blanke oligargie is besig om te swig onder die gewig van sy eie dwaashede, sy korrupsie, sy leuens. Die sosiale probleme wat ons vandag in die gesig staar – inflasie, ekonomiese stagnering, plakkers, misdaad, onveiligheid – is die gevolg van baie jare waarin ons ons mag en ons rykdom onsuksesvol aangewend het om 'n onvolhoubare 'lewenswyse' te handhaaf.

Dr Treurnicht en sy manne hanteer nie een van die vraagstukke nie. Met die uitsondering van die dwase Dr Ferdi Hartzenberg, wat vasklou aan die mislukte Verwoerdiaanse formule, kon hulle ons nog nie eers sê waar die nuwe 'blanke' staat sal wees nie, óf hoe dit sal funksioneer, óf wie dit sal verdedig nie. Hulle is anti-intellektueles, en hulle gebruik die onkunde van hul volgelinge, wie hulle hoop gereed sal wees om blindelings gelei te word.

**BRON 6C**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n verslag van Charles Leonard van die *Sunday Times* onder die opskrif: *Terreurwaarskuwing wanneer die gemaskerde Ystergarde in die openbaar verskyn* (2 Februarie 1992). By die byeenkoms in Ventersdorp het Terre' Blanche probeer om met 'n kragvertoning die CODESA-gesprekke te ontspoor en sy volgelinge te oortuig dat Suid-Afrika in blanke hande sou bly.

Die AWB het gister 'n kragvertoning in Ventersdorp gehad, toe 'n senior polisiebron gewaarsku het dat 'n nuwe reeks regse terreuraanvalle na verwagting die volgende rondte van CODESA (Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika) sal voorafgaan.
In een van sy mees millitante toesprake tot dusver, het die AWB-leier, Eugene Terre' Blanche, aangevoer dat die AWB 'die land tot stilstand kon bring'.

'Ons kan die skofbase aansê om nie ondergronds te gaan nie en dit sal 300 swartes gestrand laat. Ons kan die mense in beheer van ESKOM aansê om die ligte af te skakel, wat die nag so donker soos Afrika sal laat,' het hy gesê.

Gister se parade was ook die eerste openbare verskyning van die AWB se gewapende vleuel, die Ystergarde, wat deur die dorp in swart gevegsdrag en gesigsmaskers gemasjeer het.

Mnr. Terre' Blanche het gesê: 'Die Ystergarde is nie 'n sirkus nie. Hulle is hier om gebruik te word en sal nie rondgedonner (gestoot) word nie.'
Hoofinstrukteur Keith Conroy het gesê dat die Ystergarde met Adolf Hitler se SS vergelyk en 'môre', indien nodig, gemobiliseer kan word.

'Die meeste van hulle is deur die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag se elite (uitverkore) magte opgelei, maar hulle is meer verbind tot hul saak ...as enige lid van die verdedigingsmag' het hy gesê.
... Mnr. Terre' Blanche het gewaarsku dat die regses besig was om te verenig om CODESA te vernietig. 'Ons sal 'n gesamentlike offensief met die KP en die HNP loods om dit te doen,' het hy aan sowat 1 200 ondersteuners gesê.

Die optog deur Ventersdorp is gelei deur 36 lede van die Ystergarde, gevolg deur 400 Wenkommando-lede in khaki-drag. Rassespanning was hoog en AWB-lede in motors en bakkies het rassistiese slagspreuke aan swart winkelbesoekers (klante) geskree en gesing.

Vroeër die week het 'n SAP-offisier, wat die regse aktiwiteite ondersoek, gesê dat die regse bedreiging 'in 'n ernstige lig' beskou moet word.

'Hulle neig om hul aanvalle aan spesifieke gebeure te verbind, en CODESA 2 kan moontlik 'n nuwe reeks ontploffings veroorsaak,' het hy gesê.

Die offisier het gesê dat bekende regse selle dopgehou word, en 'n deurbraak in verband met twee aktiewe selle – een in die Wes-Transvaal en 'n ander in die Oos-Kaap – kan gou verwag word...

Hy het gesê dat daar tussen 9 000 en 10 000 lede in die AWB se Wenkommando, met nog 4 000 regsgesindes in die Boerekommando, is.

Aan die anderkant van die spektrum, kon die MK (ANC) sowat 7 000 opgeleide soldate daarstel, terwyl die PAC se militêre vleuel, APLA, baie minder lede het.

Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronmateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC (n.d.) *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
BOPG. 1953 *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Danziger, C. *South African History 1910 – 1970.* (Cape Town: Oxford University Press)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
McMahon P. and E. Schulman. *X-Kit History HG and SG Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Muller, C.F.J. (ed.) 1980 *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria: Academica)
New Nation Publication April 16 – April 22 1993
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n.d.) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)

Kopiereg voorbehou

# GESKIEDENIS V1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## HOËR GRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006


## 503-1/1 A

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE OORLOGSJARE (1939-1945) AFRIKANER- EN 'AFRICAN-' NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

**BRON 4A**

Hierdie spotprent van Abe Berry het in *The Star* koerant verskyn. Daarin word Malan uitgebeeld waar hy by die kruispad van die Nazi-swastika staan. Die embleem was 'n simbool van die Duitse Nazi Party onder leiding van Adolf Hitler.



'Ons is by die kruispad'
-DR MALAN BY BETHEL

**BRON 4B**

Hierdie is 'n uittreksel uit *Every Step of the Way* wat die invloed van Fasisme en Nazisme op Afrikaner-Nasionalisme beklemtoon. Die Fasistiese nasionalisme (wat tydens die Tweede Wêreldoorlog meer prominent geword het) het ontwikkel as 'n reaksie op Britse imperialisme.

Gebeure in Europa in die 1930's het ook in Suid-Afrika weergalm. Die opkoms van Nazisme en die verspreiding van anti-Semitisme onder Adolf Hitler in Duitsland, het die Jode aangemoedig om elders in die wêreld skuiling te soek.

In Suid-Afrika is die immigrasiewette geleidelik strenger gemaak om die invloei van die desperate vlugtelinge vir Hitler, te beperk. Die laaste boot wat vlugtelinge gebring het, die *Stuttgart*, wat op 27 Oktober 1936 in Kaapstad vasgemeer het, het die nuwe verbod met 'n paar dae vrygespring. Seshonderd verbysterde Jode is op die kaai deur 'n skare anti-Semitiese betogers, onder leiding van 'n jong Stellenboschse akademikus, wat sy merk gemaak en mettertyd daarvoor betaal het, gekonfronteer. Sy naam was Hendrik Verwoerd.

Met Hitler se inval in Pole op 1 September 1939, het Brittanje 'n ultimatum uitgereik en twee dae later oorlog teen Duitsland verklaar. Wat het Suid-Afrika te doen gestaan? Vir die tweede keer in minder as drie dekades het blanke Suid-Afrika se verdeelde sentimente oor Brittanje 'n dreigende politieke krisis veroorsaak.

Party Suid-Afrikaners het openlik Hitler se ekonomiese program, sy aansteeklike nasionalisme en sy anti-Semitisme bewonder. Selfs Suid-Afrika se Minister van Verdediging, Oswald Pirow, het die Nazi-opsweper (Hitler) in Berlyn in die 1930's besoek.

Die helfte van die Suid-Afrikaanse kabinet, insluitende die eerste minister Hertzog, was ten gunste van neutraliteit. Maar sy adjunk was egter oortuig daarvan dat Suid-Afrika by Brittanje moes aansluit om fasisme in Europa te bekamp en op 4 September het hy 'n mosie ten gunste van deelname aan die oorlog by die parlement ingedien. Dit is met 'n meerderheid van 13 stemme aanvaar. Hertzog het bedank en Smuts het die nuwe Eerste Minister geword en op 6 September oorlog teen Duitsland verklaar.

Aan die tuisfront het die oorlogsjare nuwe uitdagings gestel. Radikale Afrikaners het die pro-Nazi *Ossewa Brandwag* in 1939 gestig, het georganiseer dat terreurgroepe weermagteikens gedurende die oorlog saboteer en die nasionale sentiment opgesweep. Onder hulle was 'n jong man, Balthazar John Vorster, wat in 1941 by Koffiefontein vir die duur van die oorlog geïnterneer is – soos hy dit later sou sien – aangehou is sonder verhoor. Hy het later 'n prominente Nasionalis, 'n Minister van Justisie en uiteindelik Eerste Minister geword.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 4C**

Die uittreksel werp ’n blik op die verskyning van radikale swart organisasies soos die African National Congress-Jeugliga, Non-European Unity Movement en die African Mynwerkersunie gedurende die 1940's.

Toe die regering die instromingsbeheermaatreëls verslap het om dit vir die swartes makliker te maak om na die stede te beweeg en te gaan werk in poste wat vakant gelaat is deur blankes wat gaan veg het [in die Tweede Wêreldoorlog], het die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en andere intens betrokke geraak by die vakbondorganisering van swartes.

Nuwe organisasies het verskyn. Een was die invloedryke African National Congress-Jeugliga wat in 1943 onder leiding van die Afrikanis, Anton Lembede, gestig is. Prominente lede was die jong Johannesburgse prokureurs, Nelson Mandela en Oliver Tambo, en ’n jong vakbondlid, Walter Sisulu. Hulle het gou die middelklas, gematigde ANC beïnvloed.

’n Ander meer radikale organisasie wat in 1943 gestig is, was die Non-European Unity Movement, wat aangedring het op 'geen samewerking' en boikot as strategie om die strukture van segregasie, soos die rade, te dwarsboom en te verlam.

In Augustus 1946 was dit die beurt van die swart mynwerkers om hul stem dik te maak. Die 'African' Mynwerkersunie, (die kommuniste het gehelp om dit gedurende die oorlog te stig) het die grootste staking sedert die 1922-Opstand aan die Rand gereël. Hieraan het meer as 60 000 werkers deelgeneem. Dit het die blanke Suid-Afrikaners van die politieke mag van die swart arbeiders bewus gemaak. Die polisie en die weermag is ontplooi en in sommige gevalle is die mynwerkers terug ondergronds gedryf om te gaan werk. Twaalf mynwerkers het gesterf en meer as ’n duisend is beseer.

Stakings het die vakbondlede, Kommuniste en die ANC oortuig om hul strategieë te heroorweeg en ’n breër beweging te ontwikkel om segregasie te opponeer.

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAT MAAK DIE VRYHEIDSMANIFES 'N DOKUMENT VAN NASIONALE BELANG VIR DIE MENSE?

### BRON 5A

Hierdie is 'n uittreksel uit Nelson Mandela se outobiografie *Long Walk to Freedom,* wat in 1994 gepubliseer is, oor die redes vir die Vryheidsmanifes.

Verskeie maande nadat Hoofman Albert Luthuli tot president van die ANC verkies is, het Professor ZK Matthews, na 'n jaar as besoekende professor in die VSA, na Suid-Afrika teruggekeer, gewapen met 'n idee wat die bevrydingstryd sou hervorm. In 'n toespraak tydens die jaarlikse ANC-konferensie in die Kaap, het hy gesê 'Ek wonder of die tyd nie aangebreek het vir die African National Congress om die vraag te oorweeg om 'n nasionale konvensie, 'n "congress of the people", verteenwoordigend van al die mense in die land, ongeag ras of kleur, byeen te roep om 'n Vryheidsmanifes vir die demokratiese Suid-Afrika van die toekoms op te stel nie.'

Binne enkele maande het die ANC se nasionale konferensie die voorstel aanvaar, en 'n Raad vir die 'Congress of the People' is gestig, met Hoofman Luthuli as voorsitter en Walter Sisulu en Yusuf Cachalie as gesamentlike sekretarisse. Die 'Congress of the People' moes 'n stel beginsels opstel wat as grondslag vir die nuwe Suid-Afrika sou dien. Ons droom vir die 'Congress of the People' was om 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die vryheidstryd te wees – 'n konvensie wat alle onderdruktes en progressiewe magte van Suid-Afrika verenig om 'n wekroep vir verandering te vorm.

Ons wou die grootste moontlike deelname hê en het daarom sowat tweehonderd organisasies – wit, swart, Indiër en Kleurling – uitgenooi om verteenwoordigers na 'n beplanningskonferensie in Maart 1954 by Tongaat naby Durban te stuur. Die Nasionale Aksieraad, wat bestaan uit agt lede van elk van die vier onderskrywende organisasies, is daar gevorm. Die voorsitter was Hoofman Luthuli en die sekretariaat het bestaan uit Walter Sisulu, Yusuf Cachalia van die SAIC, Stanley Lollan van die 'South African Coloured People's Organisation' (SACPO) en Lionel Bernstein van die 'Congress of Democrats' (COD).

Die Nasionale Aksieraad het alle deelnemende organisasies en hul volgelinge uitgenooi om aanbevelings vir so 'n vryheidsmanifes te stuur. Omsendbriewe is landswyd na die townships en nedersettings gestuur.

Die omsendbriewe het die volgende boodskap bevat:
***ONS DOEN 'N BEROEP OP ALLE MENSE VAN SUID-AFRIKA, SWART EN WIT – KOM ONS PRAAT SAAM OOR VRYHEID! – LAAT DIE STEMME VAN ALLE MENSE EN DIE EISE VAN ALLE MENSE GEHOOR WORD, OMDAT DIE DINGE WAT ONS VRY SAL MAAK, NEERGESKRYF SAL WORD. LAAT DIE EISE VERVAT WORD IN 'N HANDVES VAN VRYHEID.***

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**BRON 5B**

Die onderstaande is uittreksels van vrywilligers wat aan die Vryheidsmanifes-veldtog deelgeneem het. Hulle het die griewe en eise van gewone mense ingesamel en dit is by die Vryheidsmanifes ingesluit.

**Verklaring 1: 'n Veteraan van die ANC uit Kwazakele-township (Port Elizabeth), sê die volgende oor sy deelname aan die veldtog.**

Ek was van die eerste vrywilligers. Ek en Raymond Mhlaba, het ons name geregistreer. Die vrywilligers was mense wat bereid was om opofferings te maak ter wille van die vryheidsbeweging. Die vrywilligers het hul name geregistreer en hulle moes opoffer sonder betaling. Hulle sou ly. Het hul werk in sekere gevalle verloor, want as jy 'n wet oortree (uitdaag), sou jy gearresteer word. Jy moet dan tronkstraf uitdien, ongeag die duur daarvan. Sommige van die vrywilligers het so hul werk verloor.

Die vrywilligers moes plegtig belowe (en by die dissipline bly) dat: 'Ek, so-en-so, is bereid om die taak op my skouers te neem dat ek my lewe sal waag vir my mense, vir die bevrydingstryd. Ek sal doen soos wat my leiers my beveel. Ek sal niks doen waartoe ek nie beveel is nie, dit maak nie saak wat die gevolge sal wees nie.'

**Verklaring 2: Reggie Vandeyar het op die stadium in Fordsburg gewoon. Hy herroep die aktiwiteite van die vrywilligers van die Transvaalse Indiërkongres.**

Die meeste van die werwingswerk is oor naweke gedoen. Soms sou individue aandui dat hulle gedurende die week beskikbaar is. Woongebiede soos Fordsburg, Jeppe, Doornfontein, Vrededorp en Malay Kamp kon ook gedurende weeksdae gedoen word. Maar plekke soos Pretoria, Benoni, Nigel en Springs het baie min aktiviste gehad. Aktiviste in Johannesburg-sentraal kon groepe organiseer om na die areas te gaan. Oor naweke het ongeveer twintig aktiviste in die Indiërkongres se kantore vergader en ons sou in groepe van ongeveer vyf persone verdeel. Vyf gaan na Pretoria, vyf hier, vyf daar. Ons sou saam met 'African', Kleurling en wit kamerade uitgaan.

**Verklaring 3: Billy Nair was 'n aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse Kongres van Vakbonde (South African Congress of Trade Unions - SACTU). Hy verduidelik hoe die eise van die werkers vir die Vryheidsmanifes bymekaar gemaak is.**

Eerstens het ons die pamflette onder die fabriekswerkers, veral in die groter Durban-area, uitgedeel om aan die werkers te verduidelik waaroor die 'Congress of People' gaan. Dit is nie net in SACTU-fabrieke gedoen nie, maar in alle fabrieke. Die werkers is aangemoedig om enige eis, wat hulle dink belangrik is, in te dien – al is dit deur ander werkers herhaal. Onder die eise wat die meeste voorgekom het, was die versoek vir 'n ten volle betaalde 40 uur-week. Jy sal hierdie versoek ook vandag in die Vryheidsmanifes vind.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5C**

Hierdie is 'n kopie van die traktaat wat gebruik is om die mense te help om hul griewe en eise neer te skryf wat in die Vryheidsmanifes opgeneem moes word.

Die volgende voorwoord verskyn op die traktaat:

**Nou is die tyd vir JOU om op te tree!**
**Ons doen op JOU, burgers van Suid-Afrika 'n beroep!**
**Dit is tyd vir JOU om te sê wat jy in die Vryheidsmanifes wil hê!**
**Jy moet 'n afgevaardigde kies om namens JOU by die 'CONGRESS OF THE PEOPLE' te praat!**

## *VOORWAARTS na die 'CONGRESS of the PEOPLE'*

Ons, die mense van Suid-Afrika, beide swart en wit, het 'n dringende taak om te verrig.

Ons word versoek om skriftelik die dinge wat ons graag wil geniet, neer te skryf.

Ja, kom ons lê die riglyne vir ons doelstellings neer:

**Kom ons praat saam oor Vryheid:**

Hieronder is sommige van die eise wat gestuur is om ingesluit te word in die...

### *VRYHEIDSMANIFES*

*Ons Eis ...*

- Stemreg vir alle Suid-Afrikaners, beide swart en wit.
- Hoër lone en beter werksomstandighede.
- Grond vir die grondlose mense.
- Vrye en verpligte onderwys vir alle kinders, ongeag ras, kleur of geslag.

*Wat is jou Eise ...*

As jy 'n PLAASBOER is, wat is jou eise?________________________________

As jy 'n WERKER OP 'N PLAAS is, wat is jou eise?______________________

As jy 'n WERKER IN 'N FABRIEK is, wat is jou eise? ____________________

As jy 'n ONDERWYSER is, wat is jou eise?____________________________

As jy 'n STUDENT is, wat is jou eise? _______________________________

As jy 'n PREDIKER is, wat is jou eise? _________________________

As jy 'n MOEDER is, wat is jou eise? __________________________

As jy 'n BUSEIENAAR is, wat is jou eise? _________________________

As jy 'n BESIGHEIDSMAN is, wat is jou eise?_________________________

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 HOE HET DIE REGSGESINDES REAGEER OP DIE REFERENDUM VAN MAART 1992, WAT SLEGS VIR BLANKES WAS?

**BRON 6A**

Hierdie is 'n spotprent van DON, gedateer 8 Oktober 1992, wat politieke hergroepering gedurende die onderhandelingsproses uitbeeld. In hierdie spotprent word Nelson Mandela en FW de Klerk voorgestel waar hulle 'n ingewikkelde tango dans, terwyl die Afrikaner-vleuel onder leiding van Andries Treurnicht uitreik na tuislandleiers soos Lucas Mangope (Bophuthatswana), Oupa Gqozo (Ciskei) en Mangosuthu Buthelezi (KwaZulu).

Afrikaanse vertaling van wat gesê word:

...Toe gryp Oupa vir Lucas om sy middel terwyl Gatsha met my tiekie-draai... Gatsha! Gee aandag, Outjie




Dit is 'n dansvorm waarna verwys word as 'n "Vastrap"

**BRON 6B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel van Ken Owen, in die *Sunday Times* van 8 Maart 1992, onder die opskrif: *Aanvaar dit: hierdie sal die skeiding wees van weë*. In die artikel wil Owen die lesers oortuig dat onderhandeling die beste vir hul toekoms sou wees, daarom moet hulle JA in die referendum stem.

Die enigste vraag wat in die referendum beantwoord moet word, is dit: moet ons onsself daartoe verbind om 'n nie-rassige demokrasie deur onderhandeling daar te stel, of 'n blanke krygerstaat op 'n vyandige swart kontinent uit te kerf en dit vir ewig te verdedig?

Die keuse is duidelik: of ons brei ons mag uit, en offer ons seuns en rykdom in een laaste bo-menslike poging op om onsself uit Afrika se kloue te ruk, of ons sit en onderhandel, en probeer om 'n demokrasie te vorm, 'n land so vry en veilig dat die verskeidenheid mense en kulture 'n glorie en nie 'n kruis sal wees nie.

Dit maak nie saak watter kant toe nie, ons staar onsekerheid in die gesig. Dit is nie ondenkbaar dat demokrasie wel kan misluk nie,...maar dit is nog minder moontlik om te dink dat 'n klein wit staatjie vir ewig teen die hele wêreld kan voortbestaan...

Ongelukkig het die veldtog tot dusver nog nie die keuse duidelik gemaak, of selfs gedefinieer nie. In plaas van om die vrae van die kiesers te beantwoord, het die politici in 'n orgie van verdoemenis verval, deur te praat en om mense vreesbevange te maak.

Dr Andries Treurnicht, wat geweier het om by CODESA aan te sluit, praat van onderhandelinge met swart mense vir 'n afsonderlike tuisland vir blankes. Hy praat louter onsin, en hy weet dit. Van Verwoerd tot Botha, het Nasionalistiese leiers probeer om swartes by sulke onderhandelinge te betrek en misluk.

Nie die polisie, óf weermag, óf passe, óf elekriese omheinings, óf streng wetgewing óf geweld, óf moord in die polisieselle, óf kernkragtegnologie, óf G-5's, óf SASOL, óf enigiets anders het daarin geslaag om enige uithoek van die land 'wit' te hou nie. Die jongste sensusopname herinner ons daaraan dat die enigste manier om aan die teenwoordigheid van swart mense te ontsnap, is om te emigreer...

Ons kan nou uit 'n magsposisie onderhandel, later sal ons swakker wees. Die blanke bevolking word minder, sy skole loop leeg as gevolg van 'n tekort aan leerders, sy polisie en soldate word gebruik om die grense of woonbuurte te patrolleer.

Die ou Suid-Afrika is dood. Die blanke oligargie is besig om te swig onder die gewig van sy eie dwaashede, sy korrupsie, sy leuens. Die sosiale probleme wat ons vandag in die gesig staar – inflasie, ekonomiese stagnering, plakkers, misdaad, onveiligheid – is die gevolg van baie jare waarin ons ons mag en ons rykdom onsuksesvol aangewend het om 'n onvolhoubare 'lewenswyse' te handhaaf.

Dr Treurnicht en sy manne hanteer nie een van die vraagstukke nie. Met die uitsondering van die dwase Dr Ferdi Hartzenberg, wat vasklou aan die mislukte Verwoerdiaanse formule, kon hulle ons nog nie eers sê waar die nuwe 'blanke' staat sal wees nie, óf hoe dit sal funksioneer, óf wie dit sal verdedig nie. Hulle is anti-intellektueles, en hulle gebruik die onkunde van hul volgelinge, wie hulle hoop gereed sal wees om blindelings gelei te word.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 6C**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n verslag van Charles Leonard van die *Sunday Times* onder die opskrif: *Terreurwaarskuwing wanneer die gemaskerde Ystergarde in die openbaar verskyn* (2 Februarie 1992). By die byeenkoms in Ventersdorp het Terre' Blanche probeer om met 'n kragvertoning die CODESA-gesprekke te ontspoor en sy volgelinge te oortuig dat Suid-Afrika in blanke hande sou bly.

Die AWB het gister 'n kragvertoning in Ventersdorp gehad, toe 'n senior polisiebron gewaarsku het dat 'n nuwe reeks regse terreuraanvalle na verwagting die volgende rondte van CODESA (Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika) sal voorafgaan.
In een van sy mees millitante toesprake tot dusver, het die AWB-leier, Eugene Terre' Blanche, aangevoer dat die AWB 'die land tot stilstand kon bring'.

'Ons kan die skofbase aansê om nie ondergronds te gaan nie en dit sal 300 swartes gestrand laat. Ons kan die mense in beheer van ESKOM aansê om die ligte af te skakel, wat die nag so donker soos Afrika sal laat,' het hy gesê.

Gister se parade was ook die eerste openbare verskyning van die AWB se gewapende vleuel, die Ystergarde, wat deur die dorp in swart gevegsdrag en gesigsmaskers gemasjeer het.

Mnr. Terre' Blanche het gesê: 'Die Ystergarde is nie 'n sirkus nie. Hulle is hier om gebruik te word en sal nie rondgedonner (gestoot) word nie.'
Hoofinstrukteur Keith Conroy het gesê dat die Ystergarde met Adolf Hitler se SS vergelyk en 'môre', indien nodig, gemobiliseer kan word.

'Die meeste van hulle is deur die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag se elite (uitverkore) magte opgelei, maar hulle is meer verbind tot hul saak ...as enige lid van die verdedigingsmag' het hy gesê.
... Mnr. Terre' Blanche het gewaarsku dat die regses besig was om te verenig om CODESA te vernietig. 'Ons sal 'n gesamentlike offensief met die KP en die HNP loods om dit te doen,' het hy aan sowat 1 200 ondersteuners gesê.

Die optog deur Ventersdorp is gelei deur 36 lede van die Ystergarde, gevolg deur 400 Wenkommando-lede in khaki-drag. Rassespanning was hoog en AWB-lede in motors en bakkies het rassistiese slagspreuke aan swart winkelbesoekers (klante) geskree en gesing.

Vroeër die week het 'n SAP-offisier, wat die regse aktiwiteite ondersoek, gesê dat die regse bedreiging 'in 'n ernstige lig' beskou moet word.

'Hulle neig om hul aanvalle aan spesifieke gebeure te verbind, en CODESA 2 kan moontlik 'n nuwe reeks ontploffings veroorsaak,' het hy gesê.

Die offisier het gesê dat bekende regse selle dopgehou word, en 'n deurbraak in verband met twee aktiewe selle – een in die Wes-Transvaal en 'n ander in die Oos-Kaap – kan gou verwag word...

Hy het gesê dat daar tussen 9 000 en 10 000 lede in die AWB se Wenkommando, met nog 4 000 regsgesindes in die Boerekommando, is.

Aan die anderkant van die spektrum, kon die MK (ANC) sowat 7 000 opgeleide soldate daarstel, terwyl die PAC se militêre vleuel, APLA, baie minder lede het.

Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronmateriaal uit Engels.

**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC (n.d.) *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
BOPG. 1953 *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Danziger, C. *South African History 1910 – 1970.* (Cape Town: Oxford University Press)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
McMahon P. and E. Schulman. *X-Kit History HG and SG Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Muller, C.F.J. (ed.) 1980 *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria: Academica)
New Nation Publication April 16 – April 22 1993
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n.d.) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)

*Kopiereg voorbehou*